**VRYDAG 6 MAART**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: GENESIS 36:1-43**

## God seën ook diegene wat nie deel is van sy verbondsvolk nie

Al het die verbondsvolk nie uit Esau se nageslag gekom nie, het die Here Esau ryklik geseën. Hy het 'n groot nageslag gehad. Uit sy nageslag het 'n volk, die Edomiete, en baie konings voortgekom. Esau was ook geseën met rykdom en baie besittings. In sy algemene genade gee God ook aan mense wat nie deel van sy verbondsvolk is nie seëninge en voorspoed.

Die seëninge wat Esau ontvang het, bewys dat die seën wat Isak aan Esau gegee het, nie tevergeefs was nie. Die talle stamhoofde en konings wat uit Esau voortgekom het, bevestig die belofte van baie nasies en konings wat uit Abraham sou voortkom. Die land Kanaän het te klein geword het vir al Jakob en Esau se besittings, daarom het Esau besluit om weg te trek na 'n ander land toe (Gen. 36:6-7). Die gevolg is dat Jakob die hele land Kanaän ontvang – presies soos God hom belowe het. God gebruik die besluite wat mense neem, in diens van sy raadsplan.

Esau en sy nageslag het wel baie seëninge ontvang, maar die vraag is of dit blywende waarde gehad het. In die res van die Bybel tree hulle op die agtergrond.

God het ons in Christus met geestelike seëninge oorlaai. Dit is seëninge wat blywende waarde het. Daardeur het ons skatte in die hemel waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie.

*Sing: Skrifberyming 24:1*

*Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)*